Tema: Oorsaak en gevolg
Skriflesing: Romeine 8:5-11

Inleiding:
Iemand gebruik die metafoor: As die Bybel 'n goue ring moes wees sou die boek Romeine heel waarskynlik die diamant bo-op die ring gewees het en die sparkle – die glans van die diamant sou verseker Romeine 8 wees. Die hoofstuk begin in vers 1 met die woorde:

Romeine 8:1
Daar is dan nou **geen veroordeling** *[No condemnation // Geen veroordeling]* vir diegene wat in Christus Jesus is nie.

En dan eindig die hoofstuk met die woorde:

Romeine 8:38-39
38. Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, 39. nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, **ons sal kan skei** *[No separation // Geen skeiding]* van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

Ons teks vir vandag word dus omarm met die feit dat ons nie veroordeel word nie en dat Jesus Christus ons nooit alleen sal laat nie.

Die rede hiervoor is omdat Christus deur sy Gees in ons woon.

Paulus sukkel om dit te verstaan want hy sukkel met sy sondige natuur.

Romeine 7:15-20
15. **Ek** verstaan **my** eie optrede nie: Wat **ek** wil, doen **ek** nie; maar juis wat **ek** haat, dit doen **ek**. 16. En as **ek** dit doen wat **ek** nie wil nie, gee **ek** toe dat die wet goed is. 17. Nou is dit egter nie meer **ek** wat dit doen nie, maar eerder die sonde wat in **my** woon. 18. **Ek** weet immers dat die goeie nie in **my** woon nie, dit wil sê, nie in **my** sondige aard nie. Die wil bestaan wel by **my**, maar die doen van die goeie nie. 19. Die goeie wat **ek** wil, doen **ek** nie; maar die kwaad wat **ek** nie wil nie, dit doen **ek**. 20. Maar as **ek** doen wat **ek** nie wil nie, is dit nie meer **ek** wat dit doen nie, maar eerder die sonde wat in **my** woon.

Hy besef dat hy homself nie kan red nie. Paulus is die oorsaak van sy eie bestaan en die gevolg is dat hy dood is en vir ewig gaan dood wees. Daarom roep hy uit in 7:24: "Ellendige mens wat **ek** is! **Wie** sal **my** tog red uit hierdie doodsbestaan?"

En dan gee hy vir ons die antwoord in vers 25: “Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here”.

Die wonder is dat God deur sy Gees in ons woon. Romeine 8:9 sê: “Julle, daarenteen, bly nie in julle sondige aard nie, maar in die Gees – as die Gees van God inderdaad in julle woon. As iemand nie die Gees van Christus het nie, behoort hy nie aan Hom nie”.

In die OT was die tempel vir die Israeliete geweldig belangrik (vgl 1 Kon 6:1-38 en 2 Kron 3:1-5:1). Dit was as’t ware God se woonplek – in die God stad Jerusalem – daar het jy vir God ontmoet en aanbid. Dit was die plek waar jy na God kon gaan soek het

Maar met die koms van Sy seun na die aarde kom woon God by ons in die liggaam van ’n mens. Hy word vleis - Jesus kom loop op ons aarde rond.

En dan kom woon God in ons. Romeine 8:9: “Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle”.

Op die 22 September 1862 het die destydse president van Amerika President Abraham Lincoln die voorlopige “Emancipation Proclamation” uitgereik. Die derde paragraaf daarvan lui: Op die eerste dag van Januarie, in die jaar van ons Here, eenduisend agthonderd drie en sestig, sal alle persone wat as slawe aangehou word in enige staat of aangewese deel van 'n staat, van nou af, en vir ewig, vry wees.

Hierdie proklamasie het van krag geword op die 1 ste Januarie 1863 as gevolg van die gesag wat aan die president gegee is.

Ongeveer tweeduisend jaar gelede het God ons emansipasie proklamasie geteken. Hy teken die proklamasie as Hy aan sy seun Jesus Christus die mag gee om aan ’n kruis net buite die Damaskus hek in Jerusalem te sterf vir ons sondes. Op daardie oomblik teken God se seun met sy bloed ons vryspraak uit die slawerny van sonde.